## Kort begrip

**Op hierdie bladsy:**

---

**HALFVLERKIGES (insekte) [Engels: *bugs*]**

**PARTY mense noem hulle besies, ander praat van wantse, nog ander verkies om hulle eenvoudig as luise uit te kryt. Maar laasgenoemde term is misleidend. Die naam luis word immers ook vir ander insekte gebruik.**

**Hoe ook al, die geleerdes ken hulle as die Hemiptera, of Halfvlerkiges (die Engelse praat van b*ugs)* -- een van die grootste insekordes, met 'n ongehoorde sowat 67 500 soorte wat in die jare negentig reeds ontdek was.**

**Trouens, geen ander insekorde vertoon so 'n groot verskeidenheid vorms as die Hemiptera nie. En sommige sal jy met die eerste kyk ook glad nie eens as insekte herken nie. 'n Goeie voorbeeld is die dopluise, waarvan die wyfies sonder vlerke en dikwels ook sonder bene of oë is.**

**Blomluise, plantluise, wolluise, weeluise, sonbesies, skuimbesies, boomspringers, blaarspringers, witvlieë en waterskerpioene... almal is lede van hierdie eindelose orde.**

**Baie van hulle lyk na kewers, maar 'n mens kan die Halfvlerkiges maklik uitken deur na hul monddele te kyk. Kewers het kake wat horisontaal oor mekaar werk. Die Hemiptera het nie kake nie, maar die mond is altyd in die vorm van 'n skerp, naaldagtige "snawel" -- 'n lang snuit wat in staat is orn byvoorbeeld plantweefsels te deurboor en die sap in te suig.**

**Nog 'n kenmerk by die meeste soorte is stinkkliere wat aan elke kant van die borsstuk naby die agterpote open en 'n onaangename vloeistof afskei.**

**Hul lewensgeskiedenis is 'n onvolkome metamorfose. In die jong stadiums is daar 'n reeks nimfe wat slegs in grootte en klein besonderhede van die volwasse insekte verskil. Hulle raak volwasse deur 'n reeks vervellings.**

**Die woord Hemiptera kom van die Griekse woorde *hemi* (half) en *pteron* (vlerk). Dit is omdat by sommige lede van hierdie insekorde, hoewel nie by almal nie, elkeen van die voorvlerke in twee helftes verdeel is: 'n membraanagtige punt en 'n dik, leeragtige basis.**

**Onder die insekte met hierdie kenmerk is die skildstinkbesies en die waterbesies. By die plantluise en die sonbesies is al vier die vlerke baie dun en membraanagtig. En dan is daar natuurlik dié sonder enige vlerke.**

**Afhangende van die struktuur van die voorvlerke word die lede van hierdie orde in twee afsonderlike groepe ingedeel: die Heteroptera en die Homoptera.**

**Net enkeles van die Halfvlerkiges is mooi insekte, en 'n menigte tel miskien onder die mens se grootste vyande. Van die skadelikste plae is dié wat van die sap van tuinplante, landbougewasse en vrugtebome leef. Hulle saai nie net verwoesting deur hul vraatsugtigheid nie, maar versprei ook verwoestende siektes onder plante.**

**Dan is daar ook die roofwantse -- die rowers onder die Halfvlerkiges. Die weeluis, byvoorbeeld, kom wyd en syd in die wêreld voor en versprei gevaarlike siektekieme onder mense.**

**Tog is daar ook die nuttiges en onskadelikes. Van die Indiese lak-insek kom 'n stof met die naam skellak, waarvan vernis gemaak word. En van die cochenille-dopluis van Mexiko, wat van kaktusplante leef, word 'n skarlakenrooi kleurstof verkry.**

**Die sonbesies, daardie beroemde sangers van die somer wat ook in Suid-Afrika voorkom, is onder die interessante lede van die orde. Dis net die mannetjies wat skreeu, glo die hardste van alle insekte. Die klank kom van 'n membraan aan die basis van die agterlyf wat in een sekonde tot 4000 keer tril.**

**Die bootsmannetjies (waterinsekte wat onderstebo swem) en waterlopers (wat op die oppervlakfilm van water rondskarrel) is nog bekende Hemiptera-spesies.**

---

**HILLARY, SIR EDMUND PERCIVAL (1919- )**

**EVEREST is die wêreld se hoogste berg. Nadat die Noord- en Suidpool bereik is, het ontdekkingsreisigers hul oë opwaarts gehef -- na die formidabele kruin van die natuur se laaste vesting. Een van hierdie avontuursoekers was Edmund Hillary.**

**Edmund Percival Hillary is op 20 Julie 1919 in Auckland, Nieu-Seeland, gebore. Nadat hy die skool verlaat het, het hy 'n byeboer geword. In die Tweede Wêreldoorlog was hy 'n tyd lank in die lugmag. Hy was 'n ywerige bergklimmer en het dikwels in die Nieu-Seelandse Alpe geklim.**

**In 1951 is hy genooi om hom by 'n Nieu-Seelande ekspedisie na die sentrale Himalaja aan te sluit. Hy het tóé en ook die volgende jaar Everest deels aan die suidekant bestyg.**

**Everest (8848 m) lê in die Himalaja tussen Nepal en Tibet. Baie klimmers het die berg probeer uitklim sedert die Britte dit vir die eerste keer in die 1850's onder oë gekry het. Maar die hoogte, steilte, sneeu- en ysstortings, diep skeure, kragtige winde en koue, dun lug het hulle erg**

**gekortwiek.**

**By die Sjerpas staan Everest bekend as Sagarmatha, of "Lugkop". Vir die Tibetane is dit Tsjomoloengma, of "Godin-moeder van die Wêreld".**

**In 1953 het Hillary hom by die Britse Everest-ekspedisie onder leiding van kol. John Hunt aangesluit as een van die hoofklimmers.**

**Namate die groep bergklimmers teen die berg opbeweeg het, het hulle plek-plek kampe opgerig (altesaam agt) waar hulle voorrade en van die klimmers agtergelaat het. Die laaste kamp was op 'n hoogte van 8504 m.**

**Op 29 Mei 1953, om 11.30 vm., het Hillary die spits van Everest alleen bereik, saam met die Nepalese Sjerpa Tenzing Norkay. Tenzing het agterna vertel dat hulle 'n kwartier daar gebly, foto's geneem en koek geëet het.**

**Hillary sou sy belewenis só beskryf: "Terwyl ek daar gelê en hyg het, het ek 'n gloed van triomf ervaar... Ons het voortbeweeg... Toe sien ek hoe die bergrug voor my na die noorde wegval, en regs bokant my was 'n ronde sneeukoepel. Nog 'n paar kappe met my ysbyl, en toe staan ek en Tenzing op die spits van Everest ..."**

**Op 16 Julie het koningin Elizabeth vir Hillary vanweë sy prestasie tot ridder geslaan. In 1955 het hy *High Adventure* geskryf, 'n verslag oor die klimekspedisie van 1953.**

**Hillary is in 1955 as leier aangestel van die Nieu-Seelandse geselskap van die Britse Statebond se Trans-Antaktiese Ekspedisie onder leiding van Vivian E. Fuchs. Hy het Antartika per sneeutrekker oorgesteek en die Suidpool op 4 Januarie 1958 bereik.**

**Hy het daarna verskeie ekspedisies na die Himalaja gelei en tydens ’n ekspedisie in 1967 na Antartika was hy die eerste wat die berg Herschel bestyg het.**

**Hillary se outbiografie, *Nothing Venture, Nothing Win* het in 1975 verskyn. Van 1984 tot 1988 was hy die Nieu-Seelandse hoë kommissaris in Indië.**

---

---

**Terug na inhoudsblad -- klik hier**

---